

22 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 22:1-14

Fokusgedeelte: Matteus 22:2

Jy is genooi na die bruilofsfees van Christus

Ons het almal 'n soort prentjie van 'n lekker fees, dalk 'n 21ste verjaardagfees, dalk van 'n ouma wat 90 geword het, of nog beter, 'n mooi huweliksfees. Die Here Jesus vergelyk die deelkry aan Hom, sy verdienste en sy Koningsheerskappy met 'n groot feesmaaltyd. In daardie tyd het gaste gewoonlik twee uitnodigings na 'n huweliksfees gekry: die eerste een was 'n algemene bekendmaking dat die fees gaan kom en dat die betrokke persone uitgenooi word. Kry jou feesklere solank gereed, want jy is genooi. Die tweede een is 'n spesifieke een wat nou sê waar en wanneer die fees plaasvind.

Jesus vertel in die gelykenis dat daar gaste is wat sy uitnodiging verwerp, omdat hulle Hom verwerp. Hy wys hier duidelik na die Jode. In hulle plek nooi die Here deur die verkondiging van die evangelie mense uit alle volke en uit alle dele van die samelewing uit om deel te kry aan sy satte, soos vergewing van sonde, die Heilige Gees en die ewige lewe. Dit is die feeskos wat Hy bedien. Ons word ook geroep om die seëninge van die Koninkryk te kom ontvang.

Ons kan ook hierdie voorregte verbeur. Dalk wil ons nie die Here se stem hoor en met Hom gemeenskap hou nie. Jesus se uitnodigende stem in die evangelie klink nie net meer as twee keer nie, maar elke dag deur die Heilige Gees en die Bybel. Dalk wil ons graag gaan, maar ons maak 'n ander fout. Ons slordige, onverskillige lewe wys ons wil nie feesklere aantrek nie. Die feesklere is hier die aanduiding van bekering en vernuwing van die lewe. Hoor tog: Jy is genooi na die groot Bruilofsfees van Christus.

Sing: Psalm 45:1, 9, 16 (1936-beryming)

Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool)

